

KOMMUNIKAMMA



Teks vir die WEEK:

Ef. 5 : 19-20. "Laat die Heilige Gees julle vervul en sing onder mekaar psalms, gesange en ander geestelike liedere, sing met julle hele hart tot eer van die Here. Dank God die Vader oor alles in die naam van onse Here Jesus Christus."

SAKE vir GEBED:

- *Mike Latsky is oorlede. Ons innige simpatie aan sy vrou Maria en sy seun, Johan en familie met sy heengaan. Ons glo dat Jesus julle sal vertroos en sal dra in hierdie hartseer tyd.
- *Bid vir beterskap vir Peet Viljoen.
- *Dink in jul gebede aan Leon Nel.
- *Bid vir Joan Crous en Lizelle Geldenhuys wat behandeling ontvang
- * Dra almal aan die Here op wat tuis verpleeg word.
- * Bid vir Kleinskool en dat die Evangelie werklik in die mense se harte sal werk
- * Ons bid baie ernstig dat ons Almagtige Vader die sluise van die hemel oor ons land sal oopmaak en dat Hy vir ons milde reën sal stuur. Net God kan voorsien.
- * Bid vir al ons matrieks en leerders wat eksamen skryf. Ons glo dat hulle goed voorberei sal wees en met sekerheid sal kan weergee wat gevra word.

***Bid saam vir die eenheid van Christene in Rusland, sodat hulle deur kerklike verskille sal breek en sal saamwerk binne die Liggaam van Christus.**

ONTHOU

"Closure", wat gebaseer is op die ware verhale van Christen- martelare in Iran, word vandag vertoon by

There4 se kantoor te Kraggakammaweg 57, Framesby.

Vertoning begin 17:00 tot 18:30.

Kom geniet 'n koppie tee en raak saam met ons opgewonde en geïnspireer om vir ons boeties en sussies wat daagliks vervolgt word, te bid.

SONDAG 10 NOVEMBER 2019

08:30 Eietydse diens

09:45 Kategese

10:00 Klassieke diens

Welkom aan mnr Hein Knoetze wat vandag sy getuienis met ons deel.

Deurdankoffer gaan vir There4-Bedieninge

Vandag se deurdankoffer gaan gebruik word vir die opleiding van 41 kerkleiers. Hulle woon in Noord-Afrika in 'n gedeelte van hulle land waar Christene ver in die minderheid is en felle vervolging ervaar. Hulle word toegerus in die Woord en hoe om die duisende onbereiktes in hulle omgewing te bereik met die Evangelie. Hierdie Bybelopleiding kos R2004 per persoon per jaar. Baie dankie vir elkeen wat bereid is om 'n spreekwoordelike vissie en 'n broodjie te gee om so God se Koninkryk te help uitbrei.

17:00 Kooroefening in die kerk.

Vandag teebeurt: Pronkertjie sel

17 Nov teebeurt: Voetspore en Tulpe sel

24 Nov teebeurt: Gesamentlike afsluiting

MAANDAG 11 NOVEMBER

12:45 Gebedskild in die gebedskamer.

18:00 Administrasie.

DINSDAG 12 NOVEMBER

19:00 @Leefkerk.

WOENSDAG 13 NOVEMBER

18:00 Dagbestuur.

VRYDAG 15 NOVEMBER

05:00 Mannebyeenkoms

KWARTAALPROGRAM

Sondag 17 November om 09:00: Gesamentlike eietydse Kerssangdiens en Kategese afsluiting.

Sondag 24 November om 09:00: Gesamentlike klassieke Kerssangdiens.

SEYESI GEMEENTE HOU BASAAR

Seyesi gemeente se basaar is op Saterdag 23 November 2019. Hulle vra vriendelik of ons hulle kan help met tweedehandse klere om te verkoop. Indien jy wil help, bring asb die klere kerkkantoor toe.

TIENDEMAAND DANKOFFER

Die tiendemaand dankoffer is nog 'n geleentheid om uit dankbaarheid die Here te dien. Ons inkomste vir die Tiendemaand dankoffer is **R122 440-00**. Baie dankie vir elkeen se bydrae. Ons benodig nog heelwat om by ons begrote bedrag van **R260 000-00** uit te kom.

Maak asseblief die saak biddend met die Here uit. Hoe dankbaar is jy?

Maranatha Fondsinsameling

Ondersteun asb ons poging om fondse in te samel vir ons dienste aan volwassenes en kinders.

Kom verbreed jou kennis en smaak van koffie en tee.

Sampioen koffie sal ook bespreek word.

Datum: Sondagmiddag, 17 November 2019.

Tyd: 14h00 vir 14h30

Plek: NG Newtonpark Kerksaal, H/V 4de Laan & Mowbray Straat

Koste: R50 per volw. & R25 per kind onder 12.

- Raai hoeveel boontjies in die bottel.
- Stille Veiling sal gehou word.

Vir meer inligting: Annelien/Hennie by 041-5860017

LORRAINE NG KERK

Hartklop-Vroue kuier met ds Liesl Krause-Wiid

Datum: 18 November 2019

Tyd: 19h00

Koste; R40 per persoon

Kontak Hannalize: 041-3672284.

Kom kuier saam met ANDRIES VERMEULEN

Plek: Hoërskool Framesby

Datum: 30 November

Tyd: 18:30

Kaartjies is R150 per persoon.

Die funksie word gereël deur Doxa Deo gemeente.

Bring jou eie piekniekmandjie en kom geniet die aand.

Kontakpersoon: Yolandé by 041-360 8941.

GELEENTHEDE OM TE ONDERSTEUN

PRETDRAF/STAP

Doxa Deo hou 'n fondsinsameling vir die "People Upliftment Program" wat hul doen. Op Saterdag 30 November het hulle 'n 5km pretloop/draf by Framesby skool. Dit begin om 08:00 en inskrywingsgeld is R45-00. Inskrywingsvorme met meer inligting is by ons kerkkantoor beskikbaar.

4X4 VIR DROOGTEHULP

'n Groot poging om fondse in te samel vir droogtehelp vind op Saterdag 30 November vanaf 09:00 by Ford se "Eastern Cape Motors" langs William Moffetweg plaas.

OOS-KAAPLANDSE DROOGTERAMPFONDS

Die Sinodale Kommissie het vandeeweek 'n droogterampfonds gestig. Hulp sal verleen word aan dorpe en boerdery-gemeenskappe wat deur die voortslepende droogte geteister word.

Gemeentes en ander donateurs word versoek om bydrae in die volgende rekening in te betaal: NG Kerk Oos-Kaapland, ABSA, 290 581 192, tjekrekening. Merk alle bydraes met die verwysing: droogteramp – slegs

donasies wat met hierdie verwysing gemerk word, kan erken word.

Donateurs wat hul bydraes vir spesifieke gemeenskappe wil oormerk kan, wanneer die inbetaling gemaak word, 'n e-pos rig aan me Chantall Vermaak by sinode@ngkok.co.za.

NG KERK PATMOS 6 DESEMBER

Kom deel in 'n aand met *Kersfeesklanke en Koos Dup* by Patmos gemeente.

Jannie du Toit (stem en kitaar) tree saam met **Susan Mouton** (tjello) en **Chanie Jonker** (klavier en akkordeon) op.

Tyd: 18:30

Plek: Patmos, Kaapweg 79.

Koste: R100 per persoon.

Vrugtekoek en sjerrie ingesluit.

Kaartjies te koop by Elizna 083 258 9860,

Leana 083 567 3133 of Kerkkantoor Kraggakkamma.

KLEINSKOOOL INISIATIEF

Ons beplan om in 2020 gevestigde huiskerke te bemagtig met opleiding vir kinderbediening en om goeie materiaal aan hulle te verskaf. Ons is in gesprek met die kinderbediening van EE3 in PE en is gereed om die eerste twaalf voornemende studente met die *Hoop vir Kinders* -program te bemagtig. Die koste van een persoon se opleiding beloop meer as R250. Indien die Here dit op u hart lê, vra ons bydraes om ten minste die eerste twaalf studente te borg. Bo en behalwe die onkoste het ons nog twee matriekleeders wat leerlingraad baadjies benodig en op leerlingraad kampe moet gaan.

Ek vra dat Kraggakkamma lidmate hierdie nuwe saak in gebed sal opdra. Ek is egter in my hart oortuig dat dit die pad is wat die Here met Kleinskool wil loop.

Margita Marx 0823374336

KONTAKKAART

'n Groen kontakkaart waarop jy jou besonderhede kan aandui as jy 'n nuwe intrekker is, iemand in die gemeente wat siek is kan aanmeld, 'n afspraak met 'n leraar kan maak, voorbidding versoek, 'n wenk aan die hand kan doen of by die gemeente se dienswerk kan betrokke raak, is in die voorportaal beskikbaar.

Vul asseblief jou besonderhede op die kaart in en gooi dit in die bussie wat ook in die voorportaal is.

Teken gerus in op ons e-nuusbrief by:

kuberkamma@ngkraggakkamma.co.za



Gebruik SnapScan en betaal jou:
Dankoffer
Maandelikse Bydrae
Donasie, ens..